werk & wins

saamgestel deur salomé delport
salomed@ctp-mail.co.za

iPod of pret?

Kan die krediet-skroef ons leer hoe om gelukkiger te word? Toe 154 studente gevra is om 'n opstel te skryf, óf oor hoe gelukkig hulle was ná hulle 'n lank begeerde nuwe besitting gekoop het (soos 'n iPod of 'n motor), óf oor hoe gelukkig 'n ondervinding hulle gemaak het, was die bevinding dat dinge wat gedoen is, mense baie gelukkiger maak as dinge wat gekoop is. Dié geluk duur ook langer as geluk wat op besittings gegrond is. Die navorsers sê dit het nie saak gemaak hoeveel geld bestee is nie. 'n Ete saam met vriende of 'n vakansie het mense gelukkiger gemaak as 'n iPod of ander blink foe-fies. Die rede is dat belewenisse lank in jou brein gestoor word, terwyl jy 'n aankoop gou vergeet ná dit afgehandel is. Dus kan jy in jou ou motor in verlede jaar se klere net so gelukkig wees as iemand met die jongste en duurste. Die kuns van geluk (veral nou dat ons minder geld het) is om óf dinge te doen wat gratis is, óf jou geld te bestee op belewenisse soos piekniek, uitstappies, sport, fliek, teater en buitelugaktiwiteite.

geld leen aan familie is moeilikheid soek

Maar ons doen dit almal vroeër of later, want veral in tye van nood is bloed dikker as water. Geldkenner Liz Pullian Weston gee raad: • Maak duidelik dat jy dit as 'n saketransaksie beskou en dat jy terugbetaling verwag. • Kom ooreen hoe terugbetaling gedoen gaan word – hoeveel per maand, teen watter rentekoers en teen watter datum die lening afgelos gaan wees. • Laat 'n pro-kureur vir julle 'n kontrak opstel, asof jy aan 'n vreemdeling leen en laat dit deur getuies teken. • Moenie geld uitleen wat jy nie kan bekostig om te verloor nie. Jy's nie welaf genoeg om uit te leen as jou eie oorlewing daardeur in gevaar gestel word nie.

'Dis dan minder salaris'

"Ek het 'n nuwe pos aanvaar wat my 'n hele paar rooi note meer as die vorige een beloof het. Maar nou, aan die einde van my eerste maand, is daar minder geld in my bankreke-ning inbetaal as wat ek verwag het. Ek voel gekul. Hoe gebeur dit?"

Viv Gordon Placements verduidelik dat mense koste vir die maatskappy verwar met "netto" en "bruto" salaris ... en dan wreed ontnugter word.

"Koste vir maatskappy is oorspronklik ontwikkel om werknemers speling te gee om byvoordele so te kies dat hulle minder belasting opdok. Maar die afgelope jaar of twee werk maatskappye in dié bedrag alle voordele en uitgawes in wat hulle aangaan rondom jou, soos jou volle werkloosheids-versekeringskoste, jou hele pensioenfonds-koste, jou hele mediese fondskoste, jou sel-foonrekening en selfs vir items soos die programmatuur vir die rekenaar waarop jy werk en die gratis parkering by jou werk-plek. Dit laat die salaris fantasties klink, soos hierdie leser ondervind het."

As voorbeeld: jy dra 1% van jou salaris by tot werkloosheidsversekering, en jou maatskappy 1%. Die koste vir jou maat-skappy is dus 2%, en hulle dui dit so aan in jou koste-vir-die-maatskappy pakket. In werklikheid gaan jy 1% ontvang, nie 2% nie. Dieselfde geld mediese fondsbydraes, waarvan die meeste maatskappye 50% betaal, en pensioenfondsbydraes.

"Voor jy die pos aanvaar, moet jy met die betaalstaat-administrateur 'n afspraak maak sodat hy/sy vir jou presies kan uit-werk wat uiteindelik in jou bankrekening kom. 'n Ander opsie is om te vra dat 'n voorlopige salarisstrokie vir jou opgemaak word sodat jy kan sien watter bedrae alles van jou koste-vir-die-maatskappy bedrag afgetrek gaan word."

As ek die beste van my werknemers glo, sal ek die moeite doen om die goud in hulle te ontgin

- John C Maxwell

GALLO IMAGES / GETTY IMAGES